



## Die erediens, 'n kerklike fees

### Teks vir die preek:

*“Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die HERE gaan...”.*

**Psalm 122**

GJ Meijer

© by skrywer - 2010  
[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

### Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 48:1-5
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 36:2, 3
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 122
7. Preek
8. Sing Psalm 84:1-3
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Psalm 122:1, 2
12. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

In ons kerk-wees neem die erediens 'n baie belangrike plek in. In ons alledaagse spraak-gebruik maak ons die twee selfs sinoniem. Ons praat van kerktog gaan op 'n Sondag, nie van erediens-tog gaan nie. Nou is dit so dat ons op 'n Sondag nie alleen kerk tog kom om 'n erediens by te woon nie. Rondom die erediens vind daar allerlei ander kerklike aktiwiteite plaas. Ons beleef ook gemeenskap van gelowiges voor die erediens begin en nadat die erediens verby is. Ons kom elke Sondag inderdaad kerk tog in die breë sin van die woord. Tog staan die eredienste op Sondag in die sentrum. Tereg, so wil die HERE dit hê. Reeds in die Ou Testament word daar duidelike voorskrifte gegee oor dit wat die HERE van sy volk in die erediens verwag. In die Nuwe Testament word die voorskrifte bevestig. Die onderlinge samekomste mag nie verwaarloos word nie - op geen manier nie.

Psalm 122 is 'n lied wat jubel oor die fees van die erediens in die destydse tempel. Dit is opmerklik in die lied dat erediens en kerk ook hier direk aan mekaar verbind word. Die stamme van die HERE, dit is die kerk van die HERE, trek op om in erediens te vergader. Vanuit hierdie psalm verkondig ek aan u die oproep van die HERE aan sy kerk om **die erediens as kerklike fees te vier**. Die erediens is:

1. 'n fees om oor bly te wees
2. 'n fees om nougeset te onderhou
3. 'n fees om voor te bid

Blydskap: dit is die eerste tema wat Psalm 122 aan die orde stel. Ons lees dit somer in die begin van die lied: "ek was bly". Die blydskap waarvan hier sprake is, is iets wat die Heilige Gees in 'n mens se diepste innerlike laat ontspring. Dit is 'n emosie wat te doen het met vreugde en geluk. Dit is 'n gevoel van voldoening wat 'n mens van binne heeltmal beetpak en vervul. Dit pak ook die res van die liggaam beet. Die sterk vreugde wat hier binne ervaar word, word weldra uiterlik beleef. Jy raak rusteloos - in die goeie sin van die woord. Die opgewonde, blye hart spoor die hande en die voete aan om tot aksie oor te gaan. Dinge moet begin gebeur.

"Ek was bly", sê Dawid in Psalm 122. As gevolg waarvan? Hy noem dit: "tog hulle vir my gesê het - laat ons na die huis van die HERE gaan". Ons weet nie wie die "hulle" is van

wie Dawid hier praat nie. Hy noem geen name nie. Dit is nie vergesog om te aanvaar nie dat dit ander gelowiges is wat ook bly is. Medegelowiges praat met Dawid. Hulle maak hom bly. Dit vestig ons aandag op 'n verdere saak in verband met blydschap. Blydschap werk aansteeklik. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Diepgaande blydschap by die een maak blydschap by die ander wakker. En die ander een se blydschap werk weer positief in op hierdie een se vreugde. Blymoedige mense maak mekaar nog meer blymoedig.

Maar nou die skerptepunt: waarom is Dawid en sy medegelowiges bly? Hulle sê vir mekaar: "Laat ons na die huis van die HERE gaan". Dawid en sy medegelowiges spoor mekaar aan tot erediens in die tempel. Dit maak hulle bly. Hulle sien daarna uit om binne enkele oomblikke te vergader in teenwoordigheid van die HERE van die leërskaer. Hulle voete staan reeds in die poorte van Jerusalem, die tempelstad. Dit op sigself maak hulle al opgewonde, want Jerusalem is 'n besondere stad. Dit is gebou soos 'n stad wat goed saamgevoeg is. Daarvan het ons in Psalm 48 gesing. "Aanskou die stad met skanse, paleise, toringtranse - hoedat hul pryk met nuwe prag". Die geheel opset van die stad Jerusalem is indrukwekkend, veral vir die deursnee Israëliet wat op die platteland woon en nie aan sulke reusagtige bouwerke gewoond is nie. Die breë stadsmuur met sy torings op, die pragtige paleis van die koning - dit getuig alles van stewigheid en argitektoniese skoonheid.

Nie dat hierdie dinge op sigself vir Dawid en sy medegelowiges die diepste dryfveer vir hulle blydschap is nie. Die feit dat Jerusalem 'n goed geboude en saamgevoegde stad is, is 'n sigbare uitbeelding van die samestelling van die volk Israel. Soos wat die stad uit verskillende geboue en strukture bestaan, bestaan Israel uit verskillende stamme. Die stamme is elkeen weer onderverdeel in families wat woon in verskillende dorpe. Elke familie en dorp het hulle eie gewoontes, hulle eie manier van dinge doen. Maar tog, as daar erediens gehou word in Jerusalem, dan staan die stamme van Israel saam. Dan is hulle stamme van die HERE wat optrek na die huis van die HERE. Dan staan die verskeidenheid op in een harmonieuse eenheid. Soos wat Jerusalem met al sy geboue een goed saamgevoegde stad vorm, so vorm die stamme van Israel een goed saamgevoegde volk vir die HERE. Een volk, wat een van hart en sinne moet saamkom om die een en enigste HERE te dien.

En daarbenewens is hulle een volk wat hulle onderwerp aan een koning. In Jerusalem staan ook die stoele vir die gereg, die stoele van die huis van Dawid. Die tempelstad is tegelyk die hoofstad, waar die HERE by monde van sy koning regsprek oor sy volk. Daar word vermaan en getug, sodat die kwaad uit Israel uitgeroei kan word. Daar word regeer en geadministreer tot welsyn van die verbondsvolk. Daar word sorgvuldig gekyk agter die belange van elke stam en familie in Israel.

Dit is al dié dinge wat Dawid bly maak. Dit is oor dié feit dat hy opgewonde raak en saam optrek om die HERE te gaan dien. God gee vir hom ook 'n plek temidde van die stamme van die HERE. Hy is een met sy volk, al is hy hulle koning. Hy staan onder gesag van God, in Wie se diens hy moet regeer.

Jerusalem, 'n stad wat goed saamgevoeg is. 'n Stad met 'n tempel waarheen die stamme van die HERE optrek. 'n Stad met 'n hofsaal waar reggesprek word. 'n Stad met administrasiegeboue waar die belange van die volk behartig word. Maar waar is daardie Jerusalem met sy tempel en hofsaal en paleis en administrasie vandag? En waar is die stamme van die HERE? Wie is Israel sedert ons Here Jesus Christus sy bloed op Golgota gestort het en die hele Ou Testament vervul het? Ons lees in Galasiërs 4:26 weer van Jerusalem. "Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal". Paulus stel die "Jerusalem daarbo" teenoor die teenswoordige Jerusalem wat nou nog met die oog sigbaar is as 'n mens in Israel daarvoor gaan soek. In Hebreërs 12:22-23 lees ons iets soortgelyks. "Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is en by God, die Regter van almal en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament ...".

"Jerusalem daarbo", die "hemelse Jerusalem": dit is geen onverstaanbare taal nie. Dit dui op die kerk van Jesus Christus wat tot in alle ewigheid sal bestaan. Dit is die kerk oor die lengte en breedte van die aarde waarvan ons vandag deel is. Maar dit is ook die kerk wat vandag in die hemel is, waar die afgestorwe heiliges vergader word. Dit is die kerk wat vandag noodwendig uit twee dele bestaan, maar met die wederkoms van Christus weer sigbaar een gaan wees. Daarvan vertel Johannes in Openbaring 21 as hy die heilige stad, die nuwe Jerusalem sien neerdaal van God uit die hemel; toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

*Kerk-wees* is op sigself 'n fees. Die verskillende lidmate is deur die bloed van Jesus Christus goed saamgevoeg in een kerk, in een liggaam. Om Christus wil het elkeen wat glo 'n vaste plek wat deur niks en niemand weggeneem kan word nie. Maar nou word erediens ook 'n fees. In die erediens kom die kerklidmate fisies byeen om hulle kerkwees voor die aangesig van God te beleef. Hier sit en staan ons ons plek vol wat God vir ons in Christus gee.

Erediens is 'n kerkfees - dit staan vas. Die vraag is: is u bly daarvoor? Sing ons Saterdagavond en Sondagoggend Psalm 122: "ek was bly toe hulle vir my gesê het - kom, laat ons na die huis van die HERE gaan"? Hierdie is 'n wesenlike vraag om te beantwoord. Te meer omdat daar baie faktore is wat die blydschap kan beïnvloed. As 'n mens by ons kinders begin: is julle bly om in die erediens saam te kom? Is erediens vir julle fees? Besef jy dat die HERE vir jou ook 'n belangrike plek hier gegee het? Laat ons eerlik wees: kinders geniet dit nie om lank stil te sit nie. Hulle beleef die heerlijkheid van die saamwees met mekaar en met God nog nie soos wat 'n volwassene dit beleef nie. Hulle kan ook nog nie, want hulle is nog jonk en onkundig. Hulle moet nog baie groei in die geloofsluwe, baie leer. Maar wie anders gaan hulle leer as u, ouers? Hoe? Deur hulle saam te vat, bloot te stel aan die erediens - dit allereers. 'n Kind kan nie leer as hy tuisbly nie. Maar verder moet u u kind intens voorberei op die erediens. Praat vooraf oor dit wat gaan gebeur. Vertel wat hy en sy as kind moet doen. Stimuleer om te luister na wat gelees en gepreek word. Vra ná die tyd wat gebeur het, wat hy gehoor het, wat sy kon saamsing. Dan wek u blydschap in u kind. En dan kan sulke blydschap in daardie jong lewetjie groei. Dan is u 'n nuttige instrument in die hand van die Heilige Gees om die lewe van die kind op God te rig.

Erediens: kerkfees om oor bly te wees - dit geld ook vir ons jeug. Dink daaraan, seuns en dogters dat julle in die Naam van God gedoop is. God het julle ingelyf in hierdie gemeente in. Jy het 'n plek - in elke erediens, in die katekisasieklas, by die Bybelstudie: 'n bespreekte plek. Hoe staan jy die plek vol? Kom jy omdat jou ouers sê dat jy moet? Soms is die aanmoediging van pa en ma verseker nodig, ja. Maar onthou waarom dit werklik gaan. God die Heilige Gees werk blydschap in jou. En Hy eis: wees nou bly! Wees dankbaar oor die plek wat God vir jou gee.

Erediens: kerkfees om oor bly te wees - broeders en susters! Klein jakkalsies kan die blydschap beïnvloed. 'n Gejaag op 'n Sondagoggend. Of 'n gevoel van traagheid. 'n Kuiergas wat nie kerkklere saamgebring het nie. 'n Groot middagete wat voorberei moet word. Elke kort-kort 'n naweek-wegbreek. Daar is baie duiwels wat karring aan die erediensfees. Wat doen u daaraan? Let op die aansporing van Psalm 122. Ons moet mekaar blymaak oor erediens, mekaar daarheen oproep - in die gesin, as lidmate onder mekaar.

Des te meer nog as ons hoor dat **die erediens 'n fees is wat nougeset onderhou moet word**. Wat dit betref lees ons in die vierde vers van hierdie pragtige lied dat die HERE 'n voorskrif vir die erediens gee. Letterlik staan hier: die HERE gee 'n getuienis, 'n blywende herinnering, 'n waarskuwingsteken. In die vierde gebod beveel die HERE ons om sy rusdag te heilig deur self te rus soos wat Hy gerus het na die skeppingswerk van ses dae. Op verskeie plekke in die wetboek vul God die rus-aktiwiteit in. Rus beteken: dien die HERE met blydschap, kom voor sy aangesig met gejubel. Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang (Psalm 100). Erediens is rus, aktiewe rus! In die erediens doen ons presies wat die woord sê: ons eer en ons dien. Ons eer God deur vir Hom te sing, te bid, te offer. Ons dien God deur eerbiedig na sy wet en sy Woord en die verkondiging daarvan te luister. Wie nie in die erediens is nie, eer nie en dien nie. En so iemand rus ook nie. Jy kan hoeveel naweke wegbreek in die natuur in, jy kan hoe laat uitslaap op 'n Sondag: maar dit is nog geen rus nie.

God beveel in duidelike taal: rus elke sewende dag deur My te eer en te dien. Rus deur die gemeenskap van heiliges in stand te hou en van harte te soek. Bowendien herinner die HERE ons voortdurend aan daardie bevel. Hy laat sy voorskrif elke Sondag afkondig, sodat ons dit nooit sal vergeet nie.

Hierdie voorskrif is voorwaar nie oorbodig nie, geliefdes! Ons het onself sopas afgevra watter jakkalsies aan die blydschap-wingerd vreet. Vreet dieselfde jakkalsies nie ook aan die "voor skrif"-wingerd nie? Daar is baie. Wie weet dit beter as die HERE onse God? Hy weet met watter gemoed ons Saterdaggaand gaan slaap. Hy weet hoe ons Sondagoggend opstaan. Hy ken die krag van die ou mens in ons. Die ou mens wat nie altyd lus is nie, nie genoeg begeesterd is oor dit wat werklik saakmaak in die lewe nie, nie soek na optimale betrokkenheid nie - maar met 'n minimum tevrede wil wees. Deur Sy Gees vernuwe God ons gemoed. En die Gees werk deur middel van die voorskrif, die Woord. Die Gees van God oortuig ons al meer en meer om bly te wees en erns te maak met die

erediens. Blus die Gees wat in u woon en werk nie uit nie! Gee nie toe aan u eie verskoning om die erediensfees te mis en die belang van kerk-wees te onderskat nie. Trek op as die HERE roep. Want die HERE se roep is ernstig. Die stoele vir die gereg staan nie verniet in Jerusalem reggeskuif nie. Dit is nie om dowe neute dat 'n kerkraad in die Naam van die HERE moet oorgaan tot vermaning en tug as lidmate geen erg het aan nougesette meelewing in die eredienste nie. Die HERE word ontheilig as jou plek in die kerk maar net leeg is.

En nou, ten slotte: **die erediens is 'n fees waarvoor gebid moet word.** Die laaste vier verse van Psalm 122 is een en al aansporing tot gebed. Bid vir die vrede van Jerusalem. Bid dat almal wat Jerusalem liefhet, 'n rustige lewe mag hê. Bid vir vrede op die stadsmuur, vir rus in die paleis waar geregeer moet word.

Wie moet vir hierdie dinge bid? Wie anders as die mense wat so vol blydschap na Jerusalem toe optrek? Dawid en sy medegelowiges wat so opgewonde is - hulle moet bid! Dit is dringend noodsaaklik dat hulle dit doen. Want die vrede van Jerusalem is nie vanselfsprekend nie. Ons het in Psalm 48 ook gesing van die konings van die heidendom. Hulle het met hulle leërs aangekom. Hulle soek die ondergang van die Sionstad.

Die duiwel lê en loer om die harmonie van kerkwees en die erediensfees te versteur. Van buite af val hy aan. Soms hard, soms subtiel. Hy bewerk dinge in die samelewing so dat dit moeilik word om na die erediens op te kom. Werksomstandighede word 'n faktor. Sport op Sondag eis sy tol. Ons sien voor ons oë hoe die rusdag van die HERE al meer en meer ontheilig word. En dit raak ons direk. Dit beïnvloed ons erediens aan God.

Maar Satan slaan sy slag ook binne die mure van Jerusalem. Hy poog hard om die harmonie onder gelowiges te versteur. Op 'n Sondag, as ons by die kerk bymekaar is, kom 'n mens dit dalk nie agter nie. Maar agter die skerm woed daar intussen baie storms. In gelowige gesinne is daar by tye hewige onmin. Tussen gelowige kerkgangers kom daar intense verskille. Die gebroke mens neig om sleg te verskil. Dan word daar dinge gesê wat liefs verswyg moes word. Persoonlike aantygings word gemaak wat nie getuig van liefde nie: geen Godsliefde, ook geen liefde vir die naaste nie.

Daarom hierdie oproep: bid vir die vrede van Jerusalem, die kerk. Bid konkreet dat daar waar gelowiges met mekaar vassit, uitsluitel sal kom en Satan nie die laaste lag nie. Bid

vir ampsdraers wat huisbesoek doen en in die kerkraad vergader en besluite neem oormense se lewe voor die aangesig van God. Bid vir predikante wat gedurende die week besig is om voor te berei vir die verkondiging van die Woord. Bid Saterdagavond vir môre se eredienste, sodat ons almal met blydskap daarheen kan optrek. Bid vir elke lidmaat, dat ons kan werk en rustig kan lewe, ook rustig kan Sabbat vier.

En tree ooreenkomstig u gebed koersvas op. Soek die goeie vir die kerk. Reik uit na u medegelowiges, let op hulle wel en wee. Werk mee aan die vrede wat Satan so hard probeer vernietig. Wees lewende lidmaat vir die lewende God, te midde van die lewende gemeenskap van gelowiges.

Amen.